# Appaloosa Telersgenootskap vier eerste dekade

Pieter Hugo

Appaloosa-telers is trots op die vestiging van dié ras in Namibië die afgelope tien jaar. 'n Sterk genepoel is oor dié tydperk gevestig uit top-teellyne en daarom is kwaliteitperde nou beskikbaar in Namibië. Die genootskap is verbind tot die bevordering van die ras en sien met groot opgewondenheid uit na die volgende dekade.

Die Appaloosa Telersgenootskap van Namibië herdenk in Desember 2023 sy tiende bestaansjaar. Dié genootskap, Appaloosa Horse Breeders Society of Namibia (AHBSN) is destyds deur Pieter Hugo en Gielie Vermeulen gestig omdat die meeste diererasse in Namibië in 2013 reeds by die Namibiese Stamboektelersvereniging (NSV) geregistreer was. Dit was net reg om vir die Appaloosa ook 'n Namibiese huis te skep. Elize Cilliers, Jaco van Zyl en Martin Wiese het daarna vinnig aan boord gekom en die AHBSN het sedertdien gegroei tot die huidige 18 telers. Die getal geregistreerde Appaloosa-perde by die NSV staan nou op 250.

Dié ou perderas se naam kom oorspronklik van die Palouse-rivier in Noord-Amerika se Nez Perce-gebied waar 'n inheemse stam lank met hulle geteel het. Hul uitsonderlike kleurpatrone, veelsydigheid en goeie temperament maak van hulle 'n gesogte en aanpasbare perderas in verskillende omgewings en in 'n wye verskeidenheid hoedanighede – as algemene werkperd op bees-, skaap en wildplase, in die sport- en dresseer-arenas en as 'n uitmuntende ontspanningsperd. Daarby is die Appaloosa is uiters geskik vir kinder- en vroueruiters vanweë hul kalm geaardheid.



Omdat hierdie ou perderas relatief nuut is in Namibië duik vrae van tyd tot tyd op ... amper soos frequently asked questions. Dit is goed, want die Appaloosa-ras is nou maar net eenvoudig só: As jy een gesien het, wil jy meer weet en as jy een besit, is dit gou te min.

**Belangstellendes vra dikwels: Wat maak 'n mens met 'n Appaloosa?**

Die Appaloosa-ras het oor jare heen in 'n baie veelsydige ras ontwikkel. Deur ander perderasse in te bring in opgraderingsprogramme (soos dit die geval was by die meeste rasse) is die Appaloosa vandag oor tipes versprei wat insluit miniatuurperdjies, goeie kinderponies (maksimum 14.3 handhoogte, h), gewone Appaloosas en die sport-Appaloosas. Laasgenoemde is die groter perde (16 h en hoër) wat meestal uit die warmbloed- en volbloedlyne ontwikkel is en uitstekend presteer in dressering, spring- en sportaktiwiteite. Die Appaloosa op sigself is deur die jare ook bekend vir gehardheid en uithouvermoë. Voorts vaar hulle uitstekend in uithouritte en is hulle uitstekende werkperde op veeplase en uitmuntende ryperde oor die algemeen. Wat jy ook al wil doen met 'n perd; daar is 'n Appaloosa wat dit vir jou doen!



**Wat maak 'n Appaloosa gesog?**

Natuurlik speel kleur 'n rol, maar enige Appaloosa-eienaar sal "temperament"



'n Uitstekende voorbeeld van 'n sport-Appaloosa.



Die Appaloosa is 'n uitstekende werkperd vir kuddebestuur, hetsy skape of beeste.



'n Tipiese Appaloosa-ponie.



'n Wonderlike ontspanningsperd en goeie vriend.





Die Appaloosa gedy onder die ekstensiewe toestande van Namibië.

as eerste antwoord gee. Dis 'n ras wat vroeër deur die Indiane soos troeteldiere in en om hul tente aangehou is. Baie van daardie aangetrokkenheid tot mense het behoue gebly. Hulle is maklik om onder die saal te sit, hoogs intelligent en word 'n ongelooflike kameraad as hulle reg hanteer word. En dan natuurlik lyk nie twee Appaloosas dieselfde nie! Saam met dit is daar natuurlik ook goeie perde beskikbaar wat bouvorm en beweging betref.

### Is hulle gehard genoeg?

Baie min Appaloosas is stalperde. In Namibië hou alle telers die perde aan onder ekstensiewe toestande. Dit dui op gehardheid, een van die teeldoelwitte. Die oorspronklike Appaloosa beskik oor twee eienskappe waaroor Namibiese telers nie opgewonde is nie, naamlik pigmentloosheid om die oë en 'n kort stert en maanhare. Beide hierdie eienskappe is tot



'n mate negatief vir funksionele doeltreffendheid. Appaloosas met goeie pigment om die oë, mooi maanhare en sterte is vandag oral te sien en verreweg in die meerderheid.

Die Appaloosa van normale grootte is laag in onderhoud met 'n goeie konstitusie om Namibiese ekstensiewe toestande te weerstaan.

### Waar kry ek my eerste Appaloosa?

Navrae kan gerig word aan AHBSN, enige van die telers of die Namibiese Stoettelersvereniging (NSV).



Kenmerkend van die meeste Appaloosas is hul aangetrokkenheid tot mense

# NLA April Results HP